

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Paasfees Opstandingsdiens

12 April 2020

Saamgestel deur Annelize

Dankie vir almal van julle wat vanoggend hierdie diens in julle huisgesin verband gaan bespreek. Party van julle sit om julle eetkamertafels en ander miskien in julle televisiekamer saam met julle uitgebreide gesinne, ander van julle is siek en luister dalk in die bed. Maar dit maak nie saak waar jy is nie – dit is 'n wonderlike oggend want ons vier Jesus se opstanding.

Die Christendom staan of val by die historiese betroubaarheid van die opstanding van Jesus. As Jesus nie opgestaan het nie, sal ons ook nie opstaan na ons dood nie.

Dan sal nie een van die gelowiges wat slagoffers van die Coronavirus was, opstaan nie. Dan is daar geen sin in ons geloof nie. Daar bestaan nie 'n Christelike geloof sonder die opstanding van Jesus nie.

Paulus stel dit so in 1 Korintiërs 15:14,17:

En as Christus nie opgewek is nie, is ons prediking sonder inhoud en julle geloof ook sonder inhoud.

En as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof waardeloos.



Daar is 'n paar dinge wat dui op die betroubaarheid van die opstanding van Jesus. Die eerste een is die leë graf en tweede is al die getuies aan wie Jesus na Sy opstanding verskyn het. Vanoggend staan ons stil by 500 gesinne wat Jesus na Sy opstanding gesien het.

LOFLIED

Ons gaan as gesinne 'n gepaste loflied wat ook as 'n belydenis kan dien, sing. Julle kan hiervoor op ons webwerf ingaan en die visuele diens van vandag speel en saam met die musiekspan dit sing of julle kan dit alleen sing of die wat nie van sing hou nie kan net na mekaar kyk en sê: **DIE HERE HET OPGESTAAN.**

GEBED

Ek wil vra dat julle nou vir elkeen in julle groepie kans gee om te bid vir julle gesin, vir ons gemeente en vir ons land.

BOODSKAP

Ek wil julle vanoggend terugneem na die berg van Galilea drie weke nadat Jesus opgestaan het.

Daar is niks besonders aan die berg nie. Nog nie. Los klippe, diep plooiinge, groen opdraandes, 'n voetpaadjie wat kronkel na bo.

Vandag is hier 500 mans met hulle gesinne op die berg. Hulle het gerugte oor die afgelope drie weke gehoor dat Jesus opgestaan het en aan Sy dissipels verskyn het.

Party van hulle glo die gerugte.

Ander twyfel nog.

Maar toe hulle die boodskap gekry het dat hulle vandag op die berg van Galilea moet bymekaar kom, het hulle nie gehuiwer nie. Hulle is van vroeg oggend af hier.

Honderde mense, wagtend onder die warm lug, eerbiedig in die oop ruimte asof hulle in die sinagoge staan.



Wagtend op Jesus.

Hulle het drie jaar na Hom kom luister toe Hy hier in Galilea opgetree het. Hulle het om Hom gesit en geluister. Hulle het met Hom gepraat. Hulle ken hom. Toe is hy 'n maand gelede Jerusalem toe. Daarna het hulle gehoor van Sy dood in Jerusalem.

Heel bo op die berg is die elf dissipels van Jesus. Hulle weet vandag gaan anders as Jesus se ander verskynings wees. Die ander verskynsels was onverwags en informeel. En almal was in die omgewing van Jerusalem gewees. Hierdie een is anders. Hierdie keer is dit 'n amptelike verskyning. Jesus het verskeie kere die opdrag tot hierdie verskyning gegee. Daarom dat hulle so ver noord moes reis. Dit was veiliger hier in Galilea vir so groot skare om saam met Jesus gesien te word. Buitendien woon die meeste van Jesus se volgelinge in Galilea. Ons lees van hierdie opdragte om Galilea toe te gaan in die volgende tekste:

Toe sê Jesus vir hulle: "Julle almal sal My vannag nog in die steek laat. Daar staan immers geskrywe: Ek sal die herder doodmaak, en die skape van sy kudde sal uitmekaar gejaag word. Maar nadat Ek uit die dood opgewek is, sal Ek julle vooruitgaan na Galilea toe."

Matteus 26:31-32

Toe sê die engel vir die vroue: "Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het. Gaan gou en sê vir sy dissipels: Hy is uit die dood opgewek, en Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar sal julle Hom sien."

Matteus 28:5-7



Toe sê Jesus vir hulle: “Moenie bang wees nie. Gaan sê vir my broers hulle moet na Galilea toe gaan, en daar sal hulle My sien.”

Matteus 28:10

500 mans met hulle gesinne.

11 mans aan wie Jesus reeds verskyn het. En waarby daar 'n nuwe erns en toewyding is wat 'n diepe indruk op die skare maak.

Dan kom daar 'n roering onder die mense wat aan die voet van die berg staan. Die boonstes probeer na onder kyk. Jesus kom tussen skare in. Hy loop tussen die mense wat Hom al vir drie jaar volg.

Hy gaan nie net van ver staan en Sy boodskap aan hulle gee nie.

Hy loop tussen hulle deur en plek-plek gaan staan Hy eers vir 'n spesiale woord van bemoediging en ander groet Hy.

Die skare maak 'n pad vir Hom tussen hulle oop. Hulle is oorweldig deur die wonderwerk.

Hy het sowaar opgestaan. Party voel Sy hand op hulle skouer, ander raak aan Hom, ander hoor Sy geliefde stem wat hulle groet en uitvra na hulle welstand.

Dit is dieselfde Jesus wat hulle geken het voor Sy dood!

Twintig jaar later is Paulus die eerste een wat hierdie gebeurtenis neerskryf. Wanneer 'n gebeurtenis in die geskiedenis bestudeer word is dit belangrik om te weet of daar genoeg mense was wat ooggetuies was en wat nog gelewe het tydens die neerskryf van die gebeurtenis. Dan weet 'n mens die gepubliseerde berig is akkuraat. As die getal ooggetuies baie is, kan die gebeurtenis as betreklik betroubaar beskou word.

Paulus skryf dat meer as 500 mense op een slag Christus gesien het. Paulus het gewoonlik net die mans getel. Hy herinner die lesers in Korintiërs vir wie hy skryf dat die meerderheid van daardie 500 mans steeds lewe en ondervra kan word.



Paulus sê in effek: "As julle my nie glo dat Jesus opgestaan het nie, gaan vra hulle. Hulle leef omtrent nog almal." So 'n stelling in 'n brief 20 jaar na die gebeurtenis is sterk getuie dat die gebeurtenis waar is:

... en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe.

1 Korinthiërs 15:6

Toe Jesus bo-op die berg kom kyk Hy na die wagtende skare wat skouer teen skouer staan. 'n Roerlose massa vol afwagting oor wat Hy gaan sê.

Die Rabbi wat die Verlosser geword het was nie haastig om die aarde na Sy opstanding te verlaat nie maar Hy gaan binnekort weg en Hy gaan vandag die aflostokkie vir Sy volgelingen oorgee.

Matteus 28:18-20 is 'n opsomming van Jesus se preek daardie oggend op die berg van Galilea:

Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.

Die taak wat Jesus hulle gee is enorm. Sonder geld of weermag moet 500 gesinne die wêreld gaan vertel van Jesus. Hulle en hulle nageslag moet kontinente wat nog nie ontdek was nie soos Afrika, Amerika en Australië, vertel van Jesus sonder dat hulle vliegtuie of internet of fone het. Daarom bemoedig Jesus hulle om te sê dat alle mag aan Hom behoort.

Hy is in beheer van alles.

Sy koninkryk het nie grense nie.



Alle mag in die hemel en op aarde is deur God aan Hom gegee.

Jesus het gesag oor politiek en regerings, oor weermagte, industrieë en besighede, wetenskap en opvoeding, navorsing, vermaak, die media, sport, weerverskynsels, planete, mane, sterre en energie. Daarom het Hy ook gesag oor hulle en dan ons lewens.

Dan kom die opdrag dat hulle dissipels van almal moet maak. Vandag weet ons nie almal regtig wat die woord dissipel beteken nie maar in Jesus se tyd was dit 'n bekende begrip. Jesus het 'n rabbi geword. In Jesus se tyd het die rabbi's metodes gebruik wat vreemd is vir ons vandag. Rabbi's was rondreisende predikers wat amper soos die Ou Testamentiese profete gefunksioneer het. In 'n eeu waar daar nie hoogs ontwikkelde en gevorderde metodes van massa kommunikasie soos ons vandag was nie, moes die rabbi van plek tot plek reis as hy sy leringe en interpretasies van die skrif met die massas wou deel. Ons sit nou voor ons lessenaar en druk 'n paar knoppies en bereik duisende of meer mense. Maar in daardie tyd moes die rabbi's rondreis. Die rabbi's het tot na die kleinste dorpie in die mees afgeleë gebiede gereis. Hulle klaskamers was dorpspleine, skadu's van bome of in huise.

Daar was honderde rabbi's wat die land gesirkuleer het in Jesus se tyd. Rabbi's het vir hulle dissipels gekry. Die meeste jong mans wou eers, voordat hulle hulle vestig, 'n dissipel van 'n rabbi word. Soos die jongmense wat vandag (voor Corona-pandemie) 'n "gapjaar" neem. Dan moes die spesifieke jongman die rabbi van plek tot plek volg en sy huis vir ten minste so 'n jaar of twee los om saam met die rabbi te reis.

Die studente wat saam met die rabbi gereis en gebly het, is dissipels van die rabbi genoem. Die meeste van die rabbi's het so vier of vyf dissipels gekry. Jesus het twaalf dissipels gekry.

Dissipels wou soos hulle rabbi's word en was sodoende passievol toegewy aan die rabbi wat hulle gevolg het en hulle het na elke beweging van hom gekyk en intens geluister wat hy leer. Die dissipels het die rabbi's nageboots in alles.



Dit verduidelik Petrus se loop op die water. Wanneer Jesus, die rabbi, op die water loop wou Petrus soos hy wees.

Sekerlik het hy dit nie tevore gedoen nie. Maar Petrus het by homself gedink dat die rabbi hom gekies het omdat hy gedink het dat Petrus soos Hy kon wees en as Jesus op die water loop het Petrus gedink hy kan ook.

Daar was nie 'n curriculum vir die paar maande ervaring onder 'n rabbi nie. Eerder het die rabbi's deur daaglikse gebeurtenisse en verhoudings lewenservaring aan die dissipels oorgedra.

Die rabbi's het hulle dissipels goed dopgehou en sou vra: "Waarom het jy dit gedoen?" Die klem was altyd op gedragsvorming nie net om wysheid te leer en informasie te interpreteer nie.

Wanneer 'n rabbi geglo het dat die dissipel soos hy geword het sou hy hom beveel om ander dissipels te maak. Die rabbi sou sê: "Sover moontlik is julle soos ek. Gaan nou en soek ander wie julle weer sal naboots. Omdat julle soos ek is, sal hulle wanneer hulle julle naboots soos ek wees." Dit was 'n erkende gebruik in die Nuwe Testament se tyd gewees.

Hierdie praktyk lê agter Jesus se opdrag daardie oggend bo-op die berg in Galilea. Jesus gee hulle opdrag om dissipels te maak wat by hulle sal leer en hulle sal naboots om soos Jesus te word. Jesus se opdrag is nie hier dat mense net tot bekering gebring moet word nie, maar om van hulle dissipels te maak, mense wie se lewens verander is as gevolg van hulle geloof. Hierdie strategie, met die seën van God se Gees, sou verstommende vrugte in die heidense wêreld bring.

Vir die skare op die berg sou hierdie bergtop-ervaring hulle lewenslank bybly. Nooit ooit sou hulle vergeet het hoe dit daardie dag was om die Opgestane Jesus van naby te ervaar nie.

Ons het ook soms so 'n bergtop-ervaring waar ons weet dat ons van aangesig tot aangesig met God gekom het. En ons hoor tydens hierdie moeilike tye van soveel mense wat sulke bergtop-ervarings het.



Oral oor Afrika stroom gelowiges se getuienisse van hulle bergtop-ervaring is. Mense wat Jesus beleef as OPGESTAAN.

Wat Sy mag gesien het. 'n Bergtog-ervaring is wonderlik en mag julle in hierdie ongewone tye van "*lockdowns*" of siekte of eensaamheid 'n bergtop-ervaring hê wat jy nooit ooit sal vergeet nie.

'n Bergtop-ervaring is wonderlik maar dit is nie veronderstel om elke dag te gebeur nie. Jesus wil ons nie op die bergtop hou nie. Ons is nou almal in afsondering ingestel op die Here en dit is die tyd van die bergtop-ervarings. Maar Jesus stuur hulle af van die bergtop af om dissipels van mense te maak.

Na die "*lockdown*" gaan ons terug en gaan ons saam met die res van die land die skerwe moet optel. Dan is dit die geleentheid om dissipels te maak. Mense wat in jou geloofskoene kan loop.

Hy belowe dat Hy met ons sal wees wanneer ons dissipels van ander maak. Hy sal by ons wees tot aan die einde. "Ek is met jou tot aan die einde." So lank as wat die wêreld bestaan sal Jesus met ons wees. So lank as ons in isolasie moet leef, is Hy by ons. En later as die van ons in die land wat die virus oorleef het die skerwe moet optel is Hy by ons.

511 mans met hulle vroue en kinders het 'n naby ontmoeting met Jesus op 'n berg in Galilea gehad en hierdie bergtop-ervaring het hulle lewens verander in dissipels wat dissipels van ander gemaak het sodat daar vandag 2.18 biljoen Christene in die wêreld is.

Daar is 'n ou legende wat ek graag vanoggend met julle wil deel. Die storie gaan oor Jesus se aankoms in die hemel na die hemelvaart. Gabriël was die eerste een om te hoor hoe dit gegaan het. Hy vra toe vir Jesus of almal op aarde toe die Here aangeneem het aangesien die koninkryk van God naby was.

Jesus glimlag en sê: "Ek het goeie goed. Ek het die goeie nuus aan 'n klein klompie mense toevertrou"



Verbaas vra Gabriël toe: “Aan hoeveel Here?”

Jesus antwoord hom: “Aan elf van hulle.”

“Is u seker dat U sending sukses sal oplewer?”

Daarop het Jesus geantwoord: “Ja, ek is seker.”

Mag jy op hierdie wonderlike Sondag en tydens hierdie “*lockdown*” periode êrens n bergtop-ervaring met Jesus hê maar onthou dat Hy jou van die berg afstuur met die doel om dissipels van ander mense te maak.

Gebed:

Laat iemand in die gesin ‘n gebed doen.

Seën:

Laat iemand anders in die gesin die seën uitspreek:

Mag die sterkte en mag van God, die liefde van Jesus en die teenwoordigheid van die Heilige Gees vandag en in die komende week met julle wees.

Liefde

Annelize

